

# TO Honiball



**100**  
doyen van  
Afrikaanse strokies

DR. FRANCOIS VERSTER

**Kultuurhistorikus en argivaris,  
Kaapse Argief**

Op 7 Desember 2005 is twee uitstalings by die kunsgalery van Sanlam in Bellville geopen - die genres was onderskeidelik ekspressionisme, met werke van Irma Stern, Maggie Loubser, Gerald Sekoto en ander blink sterre van die

Suid-Afrikaanse kunshemel. Eenkant, op met die trap is daar 'n soort galery waar gewoonlik beeldhouwerke uitgestal word. Daar was die werke van slegs een kunstenaar uitgestal. Die genre? Pikturale humor. En die kunstenaar: TO Honiball.

Thomas Ochse Honiball is in 1905 in Cradock gebore, maar het in Stellenbosch grootgeword. Die Honiballs was oorspronklik van Somerset in Engeland, maar die familie het sodanig verafrikaans dat TO Honiball so Afrikaans was soos springbokbiltong en boerbeskuit. Dit was ook Honiball se ideaal om 'n tipies-Afrikaanse strokie te skep, stilisties gebaseer op die strokies wat hy gedurende 1927 tot 1929 in Chicago (Verenigde State van Amerika), leer ken het, maar inhoudelik eg-Afrikaans. Mens sou kon vra wat het Honiball in Amerika gaan soek? Genoeg om te sê hy het daar handelskuns studeer, met strokies kennis gemaak en met dié kennis



gewapen, was hy gereed om sy merk te maak.

Weens die werkskaarste van die Depressiejare was hy dankbaar om 'n aanstelling by Nasionale Pers te kry. Hy moes illustrasiewerk vir tydskrifte en koerante doen. Na die uittrede van die befaamde DC Boonzaier het Honiball hom as **Die Burger** se politieke spotprenttekenaar opgevolg. Dit was egter strokies wat hy graag wou skep - illustrasiewerk het hom verveel en 'n politieke dier was hy nie. In 1939 skep hy 'n strokiesreeks met 'n hoofkarakter wat niks anders as 'n Afrikaanse plattelander kán wees nie - die robuuste *Oom Kaspas*. Met dié reeks het Honiball daarin geslaag om die plaaslike grootligtradisie, soos deur mense soos Karel Veerker van der Merwe en later Koos Meyer en Tolla van der Merwe in mondelinge vorm voorgedra is, in strokiesformaat aan baie Afrikaanssprekendes bekend te stel.

**Die Huisgenoot** wou nie *Oom Kaspas* publiseer nie - dit was 'n ordentlike tydskrif, nie 'n 'comic' nie, dankie! **Die Burger** het wel, vanaf 4 Maart 1939 en nadat *Jakkals en Wolf* sedert 1942 soveel gewildheid verwerf het in **Die Jongspan**, het **Die Huisgenoot** in 1948 vir Honiball gevra om vir hulle ook 'n strokiesreeks te skep. Die resultaat was Honiball se beste werk, naamlik die pittige satiriese reeks, *Adoons-hulle*. Terwyl *Jakkals en Wolf* vir kinders geskep is, was *Adoons-hulle* vir volwassenes bedoel. Dié vermenslikte bobbejane was 'n prettige manier om, in die eeue-oue tradisie van die pikurale humoris, die leser attent te maak op die aapstreke van leierfigure soos burgemeesters (Kaas Windvogel) en skoolhoofde (Ou Purgasie). Ook die vermeende luiheid van padwerkers, skelmstreke van verkoopsmanne en skynheiligheid van Jan en (bobbe-) Janie Alleman/vrou was gunsteling temas van Honiball se oënskynlik-sagmoedige spot. Wat laasgenoemde groep betref, is mevrou Adonesia Eufesia Jakobesia Boggom-Tieties 'n tipiese voorbeeld.

Honiball het met beide woord en beeld vermaak, soos dit 'n goeie strokieskunstenaar betaam. Die lagwekkende name was dikwels net so beskrywend (Van Lykwagen en Monkeywrench is die dokters, Oom Mieliestronk die boer en Naelskraap die prokureur) as die karikatuur-tekening. Pikurale humor is bedoel om vinnig gesnap (in die geval van spotprente) of gelees te word (in die geval van strokies). Die leser lees beeld- en woordteks byna gelyktydig en daarom is woordteks reeds vroeg in die

bestaan van die strokiesgenre binne-in die panele geskryf, in 'spraakborrels'. Honiball het nie in sy bekendste reekse gebruik gemaak van hierdie innovasie nie - in die reeds vergete reekse *Die onnutsige apie* (**Die Jongspan**, 1943), *Kalie Skietebok* (**Die Burger**, 1951-52) en *Caltex-kaskenades* (**Die Burger**, 1954), het hy wel die woordteks binne die omraamde panele geplaas, maar in *Oom Kaspas*, *Jakkals en Wolf*, *Faan Brand* (**Jongspan**, 1945-46) en *Adoons-hulle*, het hy lang geskrewe tekste onderaan die tekening geplaas. Hierdie vertelmetode vertraag die tempo waarteen gelees word. Hierdie 'storystyl' het hom egter gepas, want hy kon sodoende gebruik maak van kwinkslae en spreekwoorde, wat vir vandag se akademici waardevol is.



Die nalatenskap van TO Honiball is inderdaad van akademiese waarde - sy oeuwe, wat van die dertigerjare tot met sy dood in 1990 strek, is 'n skatkis van gegewens vir taalkundiges, kultuur- en kunshistorici, asook vir studente van politieke geskiedenis. In die proefskrif, *'n Kultuurhistoriese ontleding van pikurale humor, met besondere verwysing na die werk van TO Honiball* (Universiteit van Stellenbosch, 2003), is klem gelê op sy sosiale spotprente en sy strokies. Veral die humor en satire, die geestelike en stoflike inhoud van sy werk is ontleed. Vergelykings is gemaak met ander kunstenaars soos Wim Bosman (*Bosveldbure* en ander reekse) en bekende figure soos Walt Disney (1905-1966) en die Britse spotprenttekenaar Carl Giles (1916-1995).

Uit bogenoemde studie het na vore gekom dat Honiball 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse kultuurskat gemaak het. Nie slegs ten opsigte van dit wat fisies waarneembaar is nie, maar ook die invloed wat hy uitgeoefen het op vele terreine (sy stories, humor, tekentalent, invloedryke karakters het baie mense geraak en vermaak) - en ook wat steeds met sy maaksels gedoen kan word. Sy strokies en spotprente word, byvoorbeeld, deur Estelle Kruger, Stellenbosse opvoedkundige, aangewend om Afrikaans aan anderstaliges te leer. Volgens Essie Honiball is van haar man se *Jakkals en Wolf*-stories ook in die vyftigerjare in skoolhandboeke van swart leerders opgeneem. Hierdie strokies het ook verskyn in die swart tydskrif, **Wamba**, gedurende die sewentigerjare.

Die bydrae wat Honiball gemaak het tot die leesvaardigheid van Afrikaanse lesers is wel onmoontlik om vas te stel, maar dat sy aksievolle en humoristiese strokiesverhale baie kinders aangespoor het om meer te lees oor *Jakkals en Wolf* - en waarskynlik ook ander boeke op te neem, kan geredelik aanvaar word.

Honiball se gewilde tekeninge is in honderde nuusblaaie opgeneem en altesaam 40 versamelbundels van die bekende reekse *Oom Kaspas*, *Jakkals en Wolf* en *Adoons-hulle* is deur Nasionale Boekhandel, Tafelberg en TO Honiball Promosies uitgegee tussen 1939 en 1986. Van hierdie boeke is veral van die eerste uitgawes bitter min oor - in so 'n mate dat selfs die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek nie oor 'n volledige versameling beskik nie.

Duisende prente het hulle weg na mense se huise gevind en hoewel baie aanhangers van Suid-Afrika se grootste pikurale

humoris jaloers oor hul Honiballs waak, het die grootste deel van sy omvangryke oeuwe reeds verlore gegaan. Was dit nie vir die versindheid van Essie Honiball nie, sou akademiese instansies soos die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (Bloemfontein) en die Universiteit van Stellenbosch nie substantiewe versamelings Honiballiana vir die nageslag bewaar het nie.

Van Honiball se tydgenote soos Georges Remi (1907-1983), alias Hergé, Tintin se skepper, het skatryk geword en miljoene eksemplare van hulle boeke word oor die wêreld steeds in etlike tale gelees. Honiball, daarenteen, moes na sy aftrede weer begin teken om aan die lewe te bly. Op aandrang van Essie het hy kleurprente van sy geliefde bobbejane en ander karakters gemaak, wat by tentoonstellings verkoop is. Dis (meestal kopieë) van hierdie prente wat bewaar gebly het en op 7 Desember 2005 uitgestal is by Sanlam se kunsgalery in Bellville om die honderdste herdenking van sy verjaardag te vier.

Honiball het nie ryk geword uit sy werk nie, maar dis nie waarvoor kultuurskatte geskep word nie. Elke Afrikaanse leser wat met Honiball se skeppings grootgeword het, sou armer daaraan toe gewees het as Honiball nie besluit het om 'n 'eg-inheemse strokie' te skep nie.

## Naskrif

In 2004 is ek uitgenooi om lesings te gee oor Honiball by die jaarkongres van The International Society of Humour Studies (ISHS) by die Universiteit van Dijon, Frankryk en ook by die Universiteit van Stellenbosch (US) se internasionale Comicsbrew-konferensie. Daarna is die volledige proefskrif van 600 bladsye op CD ROM vrygestel as **Honiball 100** deur die US se uitgewery African Sun Media. Ek het die tweede volume van die proefskrif verkort en in Engels vertaal. Die boek **TO Honiball: culture with a smile**, is die resultaat. By vanjaar se Woordfees op Stellenbosch is die Afrikaanse weergawe van laasgenoemde boek, maar aangepas vir die Afrikaanse mark, op 12 Maart bekendgestel. Die eerste oplaag het net daar uitverkoop en meer as die helfte van die mense wat my lesing bygewoon het, moes wag vir die tweede oplaag. Hierdie boeke is op [www.sun-e-shop.co.za](http://www.sun-e-shop.co.za) verkrygbaar vir belangstellers. Honiball-tekeninge kan bestel word van <http://uk.geocities.com/ppverster> (Hierdie webwerf bevat ook voorbeelde van illustrasies, skilderye en pikturale humor wat deur myself geskep en gepubliseer is).